

# Sit sag teen 'n mandjie rose

## Versamelstuk



### KUSSING MET MANDJIE-MOTIEF

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 80 g Twilleys Lyscot Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm; kussing van 54 x 54 cm; 154 x 57 cm materiaal in kontraskleur om oortreksel te maak; bypassende garing.

**MATE:** Die voltooide kussing is ongeveer 56 x 56 cm groot.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; filet-sp - filetspasie; blk(s) - blokkie(s); vlg - volgende; herh - herhaal.

**FILETSPASIE:** 1e ry: 1lb om mee te begin, 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st.

**Vlg rye:** 1lb in lb, \*2ks, 1lb in lb.

**Blokkie:** 1lb om mee te begin; \*2lb in vlg 2 ste of vlg sp. Onthou dat 3ks altyd die eerste

lb van 'n ry vervang.

**AANWYSINGS:** Begin met 258ks (56 cm), draai.

**1e ry:** Slaan 1e 8 ste oor, 1lb in 9e ks vanaf hekelpen, (slaan 2ks oor, 1lb in vlg ks) tot einde — 84 sps.

Hekel 15 rye filet-sps.

**Vlg ry: Begin mandjiemotief:** 30 sps, 4 blks, 3 sps, 10 blks, 3 sps, 4 blks, 30sps.


Volg diagram en voltooi mandjiemotief.

Wanneer mandjiemotief voltooi is, moet filet-sps gehekel word tot werk vierkantig is.

Knip garing af en werk netjies af.

Maak 'n effekleurige kussingootreksel wat alkante 1 cm breër as hekelwerk is. Werk hekelwerk só op voorpant van lapootreksel vas dat dit lyk asof rande met omboorsel afgewerk is, maar laat een kant oop. Steek kussing by opening in en werk opening netjies toe.

### DIAGRAM VIR MANDJIE-MOTIEF



□ = spasie

⊗ = blokkie